SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




# Maandelikse Bybel Bespreking

## God se Kleur

Somer het 'n besondere manier om 'n mens weer te laat kyk. Die dae is langer, die lig val anders, die tuine staan voller, en selfs ná 'n goeie reënbui ruik alles vars en nuut. Daar is iets van God se goedheid in hierdie seisoen — warm dae, groen gras, kinders wat begin uitsien na vakansie, gesinne wat asem skep, en 'n wêreld wat as't ware weer in kleur oopgaan.

Maar kleur is meer as net versiering. In die geloof leer ons om dieper te kyk. Kleur is deel van God se skeppende oorvloed. God het nie 'n vaal, plat, eenvormige wêreld gemaak nie. Hy skep lig en donker, see en land, saad en vrug, voëls en visse, mens en dier, seisoene en ritmes. Die skepping is vol verskeidenheid, skoonheid en lewe — nie toevallig nie, maar omdat God self die Bron van lewe, orde en heerlikheid is.

Psalm 19 sê: "Die hemelruim verkondig die eer van God." Die skepping praat dus nie met harde woorde nie, maar met lig, kleur, ritme, geur, beweging en lewe. Elke somersoggend, elke druppel reën, elke blom wat oopgaan, elke wolk wat skuif, elke kind wat lag,  herinner ons hierdie wêreld behoort aan God.

Tog weet ons ook dat die lewe nie altyd helder voel nie. Sonde, verlies, bekommernis, moegheid en spanning kan die wêreld grys laat lyk. Dit kan selfs ons oë en geloof dof maak. Daarom kyk ons nie net na kleur in die skepping nie; ons kyk na Christus. Want in Hom sien ons God se hart die duidelikste. Hy is die Lig van die wêreld wie se dispersie 'n reënboog kleurspektrum skyn. Hy bring lewe waar daar donkerte is, hoop waar daar moedeloosheid is, en genade waar ons self nie weer kleur kan maak nie.

Daarom beteken **Alles in Kleur** nie bloot dat die lewe mooi is nie. Dit beteken dat God ons lei en leer om reg te sien. Ons leer om die skepping as gawe te ontvang, die Skepper as Bron te aanbid, Christus as Lig te volg, en die Gees se werk in ons gewone lewe raak te sien.

Miskien is dit die uitnodiging van hierdie maand: om stadiger te kyk. Om weer verwonderd te raak. Om nie net die kleur van die wêreld te sien nie, maar die goedheid van God agter dit alles.
Want waar God lewe gee, breek kleur deur. En waar Christus lig bring, kry die lewe weer sy ware kleur in alle glorie.

Andre

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## “ Kom kyk weer: God se genade in volle kleur.”

Hierdie maand stap ons saam onder die tema: Alles in Kleur.

Dit is ’n gepaste tema vir hierdie tyd van die jaar. Die skole begin sluit, vakansie lê voor, die dae is lank en lig, en die somer bring daardie wonderlike mengsel van warmte, reën, varsheid en nuwe lewe. Dit voel amper asof die skepping self vir ons sê: kyk weer, asem weer, sien weer – God se Skepping en die lewe is vol kleur.

Ons geloof vra altyd dat ons selfs dieper kyk.

In ons eredienste en deur die maand gaan ons saam nadink oor die groot prentjie van God se kleurvolle skepping en genade. Eerstens kyk ons na God se wêreld in kleur — die skepping as getuienis van sy goedheid, sy heerlikheid en sy trou. In die tweede plek kyk ons na God se kerk in kleur — hoe Christus verskillende mense saambring, en hoe die Heilige Gees ons gawes, stories en lewens gebruik om iets van God se veelkleurige wysheid sigbaar te maak.
Deur die maand se dagstukke gaan ons hierdie tema verder huis toe bring. Ons gaan stilstaan by kleur in die skepping; by die dofheid van sonde in die lewe; by Christus as die Lig van die wêreld; en by die Gees wat ons roep om in volle kleur te leef.

My gebed is dat hierdie maand nie bloot ’n mooi tema sal wees nie, maar ’n geloofs-oefening: dat ons weer sal leer kyk — na God, na onsself, na mekaar, na ons gemeente, en na die wêreld waarin Hy ons geplaas het.

Want in Christus kry die lewe weer sy volle en ware kleur.

Seënwense,
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

GEMEENTE BRAAI
NICKLEBLACKS
TIENER NAWEEK
WANNEER PYN HOOP WORD
THE YELLOW UMBRELLA
KONTAK ONS



## 5 Julie

Bly ná die diens,  kuier saam, braai saam, lag saam.
Wat jy moet weet:
Ons gee vir elkeen 'n stukkie wors
Bring jou eie vleis
Bring jou eie vleis, slaaie en drinkgoed.
Onthou ook jou eie eetgerei.

Braaiers en kole is gereël
Hierdie oomblikke van kuier herinner ons,
ons behoort aan mekaar soos familie

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## Tiener Naweek




## Jy's Uitgenooi!

Kom deel in 'n onvergeetlike Tienernaweek
vol lofprysing, vriendskap, speletjies en ware ontmoeting met God.

4-6 September 2026
Oakwood Youth Challenge.
RG40 3DA
Bring jou energie, jou vrae, jou vriende —
en jou hart wat oop is vir wat God wil doen.
Ons sien uit om hierdie betekenisvolle naweek saam met jou te beleef.

Bespreek sommer dadelik jou plek




## JO BLACK & REFENTSE LIVE – vir net een aand!

'n Lekker Suid-Afrikaanse kuieraand wat julle nie wil misloop nie!
Donderdag 9 Julie 2026
Nuneaton Old Edwardians Rugby Football Club, CV10 0AL.
Vertoning begin: 19:00
Daar sal boereworsrolle te koop wees
Bring jou familie, nooi jou vriende, en kom kuier saam met ons!
Kom kuier, lag en eet saam - 'n aand om te onthou!

Bespreek jou kaartjies hier:
https://tickets.stoep.co.uk/
Moenie wag nie — kaartjies gaan vinnig!

# ‘Wanneer Pyn Hoop word’

Erkenning: FB God se Planne is Groter as Joune

Toe Oom Piet by Sonskyn Ouetehuis intrek, het die personeel gedink hulle gaan hul verstand verloor. Hy was 84 jaar oud en vol streke.

Een oggend het hy al die rolstoele in die gang omgedraai sodat almal in die verkeerde rigting kyk. ‘n Ander dag het hy ‘n bord by die eetkamer opgehang: “Vandag se middagete: Kaviaar en kreef.” Toe die inwoners die deksels oopmaak en gewone bredie sien, het Oom Piet sy skouers opgetrek. “Wel, ek het nooit gesê dit gaan goeie kaviaar wees nie.” Die hele saal het geskater.

As iemand hartseer was, het Oom Piet hulle laat lag. As iemand kwaad was, het hy hulle laat glimlag. As ‘n nuwe inwoner ingetrek het, was Oom Piet die eerste een wat gaan groet. “Welkom by die vyfster-hotel,” het hy altyd gesê.

“Die kos is swak, die diens is stadig en niemand kry hul geld terug nie.” Mense het baie van hom gehou. Maar niemand het geweet wat gebeur wanneer die son sak nie.

Een aand het Suster Maria laat gewerk. Toe sy by Oom Piet se kamer verbystap, hoor sy hom praat. Sy klop saggies.

Geen antwoord. Toe sy instap, sit Oom Piet alleen op die bed, met ‘n foto in sy hand. ‘n Foto van sy vrou, Anna.

Die vrou met wie hy 52 jaar getroud was. Die vrou wat agt jaar tevore oorlede is. “Ek het vandag weer die personeel beetgekry, Anna,” sê hy met ‘n sagte glimlag. Dan raak hy stil. Die kamer raak stil. Baie stil.

Vir die eerste keer sien Suster Maria iets wat niemand anders ooit gesien het nie. Trane. Net die soort wat kom wanneer iemand baie lank iemand mis. Sy trek die deur sag toe en stap weg.

Die volgende oggend was Oom Piet weer die ou Oom Piet. Hy het grappies gemaak. Gelag. Mense aangemoedig. Asof niks gebeur het nie.

Maar Suster Maria kon nie ophou dink aan wat sy gesien het nie. Daardie middag gaan sit sy langs hom in die tuin. “Oom Piet, mag ek iets vra?” “Natuurlik, maar as dit oor my ouderdom gaan, onthou ek het opgehou tel toe ek honderd geword het.” Sy lag. Toe raak sy ernstig. “Hoe doen Oom dit?” “Wat?”

“Oom mis Oom se vrou. Oom is soms eensaam. Ek het dit gesien. Maar tog gee Oom elke dag vir ander mense moed.”

Oom Piet kyk lank na die berge in die verte. Toe antwoord hy. “Pyn gee vir jou twee keuses, Suster.”

“Twee?” “Ja.”

# 'Wanneer Pyn Hoop word'

Erkenning: FB God se Planne is Groter as Joune

"'Jy kan bitter word en die wêreld straf vir wat met jou gebeur het." Hy maak sy hand toe in 'n vuis. "Of jy kan sag word." Hy maak sy hand weer oop. "Jy kan besluit dat omdat jy weet hoe seer dit is, jy gaan probeer keer dat ander mense dieselfde seer kry." Suster Maria luister aandagtig.

"Ek mis Anna elke dag," sê hy sag. "Daar is dae wat ek nog omdraai en vir 'n oomblik dink sy is langs my." Sy stem breek effens. "Maar as ek my dae net gebruik om jammer te voel vir myself, wat maak ek met die dae wat God my nog gee?"
Daardie woorde het by Suster Maria gebly.

'n Paar weke later het 'n nuwe inwoner ingetrek. Oom Koos. Hy het pas sy vrou verloor. Hy het met niemand gepraat nie. Hy het alleen geëet. Alleen gesit. Alleen gestap.
Een oggend kry hy 'n brief onder sy deur. Daarop staan:
"Baie geluk! Jy is gekies vir die eksklusiewe klub van aantreklike ou manne. Meld asseblief om 10:00 by die tuin aan."
Geteken:
Die Voorsitter.
Toe Oom Koos in die tuin aankom, sit Oom Piet daar met twee koppies koffie.
Vir die eerste keer in maande glimlag Oom Koos. Toe lag hy. Toe begin hy weer leef.
Van daardie dag af het die twee onafskeidbaar geword. Die een met sy grappies. Die ander met sy stories. En die ouetehuis het 'n bietjie helderder geword.

Jare later, toe mense oor Oom Piet praat, het hulle altyd sy streke onthou. Maar die mense wat hom die beste geken het, het sy ware geheim geken. Hy het nie ander mense opgebeur omdat sy lewe maklik was nie. Hy het dit gedoen omdat hy geweet het hoe moeilik die lewe kan wees. En dalk is dit wat ware moed beteken. Nie om sonder pyn te leef nie. Nie om voor te gee alles is reg nie. Maar om elke oggend op te staan en te sê:

"Ek kan nie kies wat met my gebeur het nie, maar ek kan kies wat ek daarmee gaan doen."
Oom Piet het nie sy pyn laat verdwyn nie. Hy het dit omskep. In vriendelikheid. In begrip. In lag. In hoop.
Want sommige mense word deur hul pyn gebreek. Maar ander gebruik dieselfde pyn om lig te gee aan mense wat in die donker loop. En dit is die mense wat die wêreld verander.

*"Die Here is naby die gebrokenes van hart en Hy verlos die wat verslae is van gees." – Psalm 34:19.*

# The Yellow Umbrella

I bought the yellow umbrella because it was on sale. That's the whole reason. No deep meaning. No special story. At least, not at first.

It was a bright yellow umbrella hanging near the checkout counter of the department store. Mine had broken during a storm the week before, and this one was discounted to eight dollars. So I grabbed it. The end.

Or so I thought. A few days later, it rained. Not a light drizzle. The kind of rain that seems determined to soak everyone within seconds. I had just finished shopping downtown when I stepped outside and opened my new umbrella. Immediately, I noticed something. People smiled when they saw it. The umbrella was impossible to miss. It looked like a giant sunflower floating through the crowd. One woman even laughed and said, "Well, that's cheerful."

I smiled and kept walking. A few blocks later, I reached a crosswalk and noticed an older man standing nearby without any rain gear. He was getting drenched. Without thinking much about it, I walked over. "Want to share?" He looked surprised. Then grateful. Together we crossed the street under the giant yellow umbrella. The entire interaction lasted maybe thirty seconds. But before we parted ways, he smiled and said: "You made a rainy day a little brighter."

I thought about that comment all afternoon. Not because sharing an umbrella was a big deal. Because sometimes the smallest gestures arrive at exactly the right moment. The following week, it rained again.

This time I shared the umbrella with a college student running across a parking lot. The week after that, I helped a mother carrying groceries and trying to keep her toddler dry. Then a tourist looking for directions. Then a woman leaving a doctor's office. Each time, the umbrella became a tiny shelter shared between strangers. And every time, a brief conversation followed.

Nothing life-changing. Just human connection. The kind we often miss when we're rushing through our days.

Over time, the yellow umbrella became oddly famous among my friends. If rain was in the forecast, someone would inevitably ask: "Did you bring the umbrella?" It became a running joke.

Then one afternoon something unexpected happened.
I was leaving a bookstore during a sudden downpour when a teenage employee ran outside.
"Wait!" I turned around. She pointed at my umbrella. "You're the yellow umbrella lady." I laughed.
Apparently, she had heard about me from a customer. A customer who had heard about me from someone else. A customer who had once shared the umbrella. The whole thing seemed ridiculous. And wonderful. Word had somehow spread. Not because of me. Because people remembered how it felt when someone helped them.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# The Yellow Umbrella

A few months later, our city experienced several weeks of unusually rainy weather.
One Saturday, I was walking through a local outdoor market when I noticed a little girl staring at the umbrella. She couldn't have been older than six. "It's so bright," she said. I smiled. "It helps on rainy days." She nodded seriously. Then she said something that stayed with me. "It looks like sunshine."

That evening, I couldn't stop thinking about those words. The umbrella wasn't keeping people dry nearly as much as it was making them smile.
The next morning, I bought three more yellow umbrellas online. Then five more. I wasn't entirely sure why. But an idea had started forming. A few weeks later, I gave them away. One to a teacher. One to a nurse. One to a crossing guard. One to a neighbour. One to a woman who volunteered at the local food pantry.
Along with each umbrella, I included a note: "Share this whenever someone needs a little sunshine." That was it. No instructions. No expectations. Just a simple idea.

Months passed. Then the stories started appearing. The teacher shared her umbrella with a student caught in the rain. The nurse walked a patient to their car. The crossing guard helped children stay dry after school.
The umbrellas travelled. Person to person. Moment to moment. One neighbour told me she had shared hers so many times that she lost count. Another said the umbrella helped her meet people she never would have spoken to otherwise. The bright yellow colour made it easy. It invited conversation. It made people smile. Then came my favourite story.
A woman sent me a message through a community social media page. She explained that she had been having a terrible day. Her flight had been delayed. Her luggage was missing. And it was pouring rain. As she stood outside the airport trying to figure out what to do, a stranger approached and offered to share a bright yellow umbrella. The woman remembered feeling overwhelmed and discouraged. That simple act completely changed her mood. She ended her message with: "It reminded me that good people are everywhere." I sat at my kitchen table smiling after reading it. Because she was right. Good people are everywhere. Most of them aren't making headlines. Most aren't seeking attention. They're simply helping when they can. Holding doors. Returning lost items. Sharing umbrellas. Offering kindness. The world is full of those people. We just don't always notice.

That's how kindness works. Kindness rarely stays in one place. It moves. It spreads. It grows. Sometimes through big actions. Often through very small ones.

Today, I still have the original umbrella. It's a little worn now. The handle has scratches.
The fabric shows signs of countless rainy walks. But I love it.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

5 JULIE EREDIENS 10 UUR

12 JULIE HUISKERK 9 UUR

19 JULIE EREDIENS 10 UUR

26 JULIE HUISKERK 9 UUR

### ‘n Seënwens vir jou...

Mag jou skape hierdie maand slaap waar dit veilig is.

Mag jy ’n bed hê waaronder jou skoene kan pas.

Mag jou hande nooit verder as ’n armlank van goedgeit af wees nie.

En mag jy môre nie een keer huil oor vandag nie.

Maxie-Heppell

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JULIE 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**


Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena




Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com